# CFAT Train-the-Trainer Opleidingsverslag: Sessie 1

FR

## Verbetering van Marktoegang vir Rooibos Kleinboere

## Train-the-Trainer Sessie 1

## 20 – 22 Julie 2010

**'n Projek in samewerking met:**

PLAAS Institute for Poverty, Land and Agrarian Studies

CFAT Center for Fair and Alternative Trade

SANDRA KRUGER & associates

**Befonds deur:**

HortCRSP

USAID FROM THE AMERICAN PEOPLE

## Inhoudsopgawe

Oorsig van CFAT Train-the-Trainer Sessie 1 ........ 3
Program ........ 5
Verwagtinge ........ 6
  Myself ........ 6
  Mede Leerders ........ 6
  Fasiliteerders ........ 6
  Organisasies/Befondsers ........ 6
Hoogtepunte van Dag 1 ........ 7
Hoogtepunte van Dag 2 ........ 7
Hoogtepunte van Dag 3 ........ 10
Program Evaluasie ........ 11
Suksesse behaal in die eerste sessie ........ 12

## Oorsig van CFAT Train-the-Trainer Sessie 1

Die CFAT program, "Verbetering van Marktoegang vir Rooibos Kleinboere", het begin in Maart 2010. Dit het begin met 'n inleidingsvergadering met Rooibos kleinboere van Nieuwoudtville, Wupperthal en Elim. Die doel van die vergadering was om die program bekend te stel en te verduidelik vir die res van die jaar. Nadat kleinboere ingestem het om by die projek betrokke te wees, was die eerste rondte werkswinkels in elke gemeenskap gehou. In totaal was daar 7 werkswinkels in die volgende areas:

1. Nieuwoudtville
2. Wupperthal Sentraal
3. Eselbank
4. Kleinvlei
5. Suurrrug
6. Heuningvlei
7. Elim

Twee boere leiers (1 manlik en 1 vroulik) was verkies deur die gemeenskap uit elk van hierdie areas. Ongelukkig kon die vroulike leier van Wupperthal Sentraal nie die eerste opleidings sessie bywoon nie en ons kon nie 'n vroulike leier van Niewoudtville verkies nie. Gelukkig het een van die vrouens wat die eerste werkswinkel in Eselbank bygewoon het, vrywillig ingestem om die plek van die Wupperthal Sentraal leier in te neem, so ons het steeds 5 manlik en vroulike leiers van Wupperthal in totaal gehad. Die sertifiserings klerk van Rooibos Bpk het die opleiding bygewoon as deel van die kapasiteitsbou inisiatief, so in totaal het ons 14 leerders gehad wat die eerste train-the-trainer sessie bygewoon het.

Gedurende die eerste rondte van werkswinkels was die gemeenskappe gevra om 'n lys van hul vermoëns in volgorde te sit. Dit was gedoen om vas te stel watter sake voorkeur gaan kry in die opleidingsmateriaal. As deel van die projek was dit beoog om 2 train-the-trainer sessies met die gemeenskapsleiers te fasiliteer, sowel as 'n aantal besoeke vir die groep. Daar word beplan om 4 van hierdie besoeke in totaal te doen. Dit sluit in besoeke aan die kantore van verskeie organisasies, sowel as die bywoning van hul AJV's gedurende die jaar. Behalwe dit, is daar 2 besoeke aan verskillende Rooibos verwerkers gereël, sowel as 'n besoek aan die South African Rooibos Council se Biodiversiteits dag.

Al hierdie geleenthede sal kapasiteit van die boere leiers verhoog, nie slegs in terme van kennis wat hulle ontvang het nie maar ook in terme van die mense wat hulle ontmoet het en die organisasies waarmee hulle kontak gemaak het. Met ander woorde om netwerke op te bou nie slegs met kleinboere nie, maar ook met alle belanghouers van die bedryf. Dit sal die leiers bystand gee wanneer hulle terug gaan na hul gemeenskappe om die volgende 2 rondtes van werkswinkels te fasiliteer met hulp van die program.

In die tabel hieronder is die fotos van die leerders wat geneem is tydens die eerste sessie.

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | Eunice Marais |  | Pierre Apollis |
|  | Elizabeth van Neel |  | Rodger Witbooi |
|  | Sharmaine Kupido |  | Craig Bantom |
|  | Jonene van der Westhuizen |  | Paul Zimri |
|  | Hennie van der Westhuizen |  | Berna-Leigh Veloen |
|  | Adam Hoorns |  | Elize Farmer |
|  | Lizette van Rheenen |  | Malcolm Baard |

## Program

Die opleiding het plaasgevind vanaf Dinsdag 20ste tot Donderdag 22ste Julie by die Rooibos Bpk opleidings sentrum in Clanwilliam.

| Dag 1: Dinsdag, 20 Julie 2010 |
| --- |
| Verwelkoming en opwarming |
| Die Leerder Gids en die Leerder Werkboek |
| Basiese Inligting: Uitkoms Gebaseerde Opleiding |
| Hoe help ek ander om te leer? |
| Die Leer Siklus |
| Rekordhouding sisteem en waar data vandaan kom |
| Gebruik van inligting en inligting gereedskappe |
| Bron dokumente |

| Dag 2: Woensdag, 21 Julie 2010 |
| --- |
| Wat is finansiële bestuur? |
| Persoonlike finansies |
| Organisasie finansies |
| Kommunikasie: verbaal en nie-verbaal |
| Tee proe met Johan Basson |
| Oordra van inligting |
| Geskrewe kommunikasie |
| Koöperasies en die grondwet |
| Rekordhouding van 'n Koöperasie |

| Dag 3: Donderdag, 22 Julie 2010 |
| --- |
| Presentasie van toesprake |
| Trusts |
| Verenigings |
| Nie-Winsgewende Organisasies |
| Wat is 'n gemeenskap? |
| Gemeenskap behoefte bepaling metodes en gereedskappe |
| Gemeenskapsopname en gemeenskapskaart |
| Gemeenskaps onderhoude |
| Gemeenskap vergarderings en werkswinkels |
| Ons gemeenskap behoefte bepaling |



**Foto 1: Die opleiding sentrum**



**Foto 2: Die groep se motivering vir die kursus**

## Verwagtinge

Nadat die leerders voorgestel was aan die inhoud van die program en die manier waarop ons te werk sal gaan gedurende die train-the-trainer sessies, was hulle ook gevra om hulle verwagtinge vir die volgende mense te lys: 1. Myself, 2. Mede Leerders, 3. Fasiliteerders, 4. Organisasies/Befondsers. Sommige van die punte wat deur die leerders gemaak was kan hieronder gesien word. Die kommentaar dien as 'n riglyn om ons te lei gedurende die verloop van die program en om ons te herinner wat van ons verwag word. Die volledige antwoorde van al die leerders sal saamgevat word in die assesserings.

### Myself

- Ek verwag van myself om goeie terugvoering vir die gemeenskap te kan gee
- Ek verwag om op die einde van die dag selfgemotiveerd te wees so ook om met ander die kans deel
- Om myself verder te verryk met kennis en idees om 'n goeie leier te kan word

### Mede Leerders

- Om respek teenoor my mede leerders te hê
- Moet my asseblief help en my op my gemak laat voel in kursusse wat ons bywoon en samewerking
- Om inligting te deel en om goeie kommunikasie kanale te skep

### Fasiliteerders

- Om die inligting reg deur te gee sodat almal kan verstaan en ook vir ons met respek te betaal
- Ek verwag dat hulle my stadig in Afrikaans leer en hoe om dinge te ervaar sodat ek eendag ook self 'n fasiliteerder kan word
- Om ondersteuning te bied en om die leerders aan te moedig

### Organisasies/Befondsers

- Befondsers moet kan help om ons op te lei sodat ons die ander in die gemeenskap ook kan meer inlig
- Om meer befondsing beskikbaar te stel
- Om werkswinkels binne gemeenskappe te hou

## Hoogtepunte van Dag 1

Na ons aan mekaar en die program voorgestel is, het ons weggespring met die inhoud van die materiaal wat begin het met rekordhouding en kommunikasie. Die eerste groep oefening wat voltooi is, was: "Watter data is belangrik?". Die leerders het pakke tydskrifte ontvang waarin hulle moes prente soek om sleutelwoorde in die oefening uit te beeld soos: watergebruik-programme, gesondheid en veiligheid vir produsente en werkers, arbeids regte, produk kwaliteit, voorkoms van peste en higiëne praktyke in die produksie en verwerking van Rooibos.



Foto 3: Eunice en Pierre besig om prente te soek



Foto 4: Al die leerders begin met 'n oefening

Na 'n suksesvolle dag was daar besluit om vroër te eindig, omdat die leerders moeg was van die lang reis die oggend. Ons het ons eerste aandete gehad by Olifantshuis waarna almal terug gegaan het na hulle gastehuise om 'n goeie nagrus te hê voor môre se besige dag.

## Hoogtepunte van Dag 2

Dag 2 het op tyd begin met 'n inleiding tot finansiële bestuur. Almal was gemotiveerd en die groep het 'n goeie bespreking gehad omtrent beide persoonlike, sowel as organisasie finansies voor almal gevra was om hulle individuele begrotings uit te werk. Na die oggendsessie het die groep op 'n toer van Rooibos Bpk se gehalte sentrum gegaan en kon 'n tee proe saam met Rooibos Bpk se gehalte bestuurder, Johann Basson doen. Daar is baie inligting gegee gedurende die sessie en die leiers het dit geniet om verskillende grade van beide gefermenteerde en ongefermenteerde Rooibos tee te proe. Die leiers van Wupperthal was in hul skik om uit te vind dat hul tee Graad AA Rooibos is, wat die beste in die bedryf is!



Foto 5: Johann Basson verduidelik die verskillende grade van Rooibos


Foto 6: Leerders in die gehalte sentrum


Foto 7: Rodger en Hennie analiseer die verskillende Rooibos gebiede en graderings terwyl hulle tee proe

Na die tee proe het hulle teruggekeer na die klaskamer om voort te gaan met verbale en nie-verbale kommunikasie. Hierdie materiaal het gekyk na die verkillende maniere waarop mens kan kommunikeer en die verkillende lyftaal wat mens gebruik. Daarna het ons in fyner detail gekyk hoe om 'n toespraak te lewer. Die materiaal het die volgende punte gedek ter voorbereiding vir die volgende dag se toespraak wat hulle sou lewer:

- Voorbereiding van 'n toespraak
- Hulpmiddels wat gebruik kan word
- Stappe om 'n toespraak te lewer
- Hoe om effektief met die gehoor te kommunikeer jouself

Elke leerder het 'n toespraak onderwerp gekry om vir die volgende dag voor te berei. Van die leerders het bekommerd gelyk maar die fasiliteerders het hulle verseker dat hulle daar sal wees om te help met die voorbereiding. Sandra het 'n asemhalings en ontspannings oefening met die groep gedoen wat almal meer ontspanne gemaak het om te kan fokus op die taak wat voorlê.


Foto 8: Jonene


Foto 9: Sharmaine


Foto 10: Adam

Na ons tyd gegun het vir die leerders om hul toesprake voor te berei, het ons voort gegaan met die res van die opleidings materiaal wat rolle en verantwoordelikhede van verskeie organisasies gedek het. Ons het spesifiek gefokus op die rolle van ‘n koöperasie en van ‘n assosiasie. Dt was op almal van toepassing omdat hulle reeds aan een behoort of besig is om een te stig.  Die groep moes gebruik maak van die vaardighede wat geleer was by die eerste rondte gemeenskaps werkswinkels deur ‘n SWOT analise van elke lede groep te doen, al is dit ‘n koöperasie of nie. Dit was ‘n uistekende manier om die leiers in staat te stel om die strengths (sterkpunte), weaknesses (swakpunte), opportunities (geleenthede) en threats (bedreigings) van hulle koöperasies op ‘n kritiese wyse te analiseer.

Na ‘n lang en harde werksdag het Jennifer ‘n Joga sessie op die gras voorgestel. Almal het dit ten volle geniet soos gesien in die fotos hieronder. Vir ons tweede aand saam was ons by Die Kelder waar meeste van die leerders ribbetjies en ‘n glas rooiwyn geniet het. Almal het vroeg geloop om te gaan voorberei vir hul toesprake die volgende dag.









## Hoogtepunte van Dag 3

Die laaste dag het begin met ‘n kragtige gebed deur Sharmaine om almal te help met hul toesprake. Die leerders het die vorige dag nommers met hul onderwerpe ontvang sodat almal voorbereid was as dit hulle beurt is. Die fasiliteerders het verskillende aspekte van die toespraak geassesseer en elke leerder was gevra om ‘n assessering te doen van hul mede leerders. Die terugvoer oor die algemeen was baie positief en al die leerders het hul toesprake uitstekend gelewer! Elkeen was opgeneem met ‘n video kamera terwyl die toesprake gelewer was en ons sal ‘n CD aan die einde van die kurses beskikbaar stel met dit en al die fotos van elke leerder.

Na die toesprake het ons aanbeweeg na die finale afdeling van die leerder gids: Gemeenskaps behoefte bepaling. Ons het addisionele tyd spandeer op verskeie ander onderwerpe en kon dus ongelukkig nie hierdie afdeling voltooi nie. Die leerders het ook gevra om vroër klaar te maak omdat meeste van hulle ‘n ver pad huistoe moes reis. Voor die einde van die sessie het ons die leerders gevra om ‘n evaluasie vorm te voltooi wat ons hieronder bespreek. Ons het ook besluit wanneer ons die tweede sessie gaan hou, dat ons dit eerder oor 4 dae sal doen in plaas van 3, omdat dit te kort was.




Foto 11: Die groep wat die eerste sessie bygewoon het

## Program Evaluasie

Die leerders was gevra om hul ondervinding tydens die opleiding te evalueer deur ‘n vorm in te vul. Sien onder die leerder se antwoorde:

| No | Leer Materiaal- Leerder Gids | Nee | Sommige Materiaal | Meeste Materiaal | Ja |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Hou jy van hoe die leerder gids lyk | | | 1 | 13 |
| 2 | Was die konsepte duidelik en maklik verstaanbaar | | | 3 | 11 |
| 3 | Was die leer materiaal maklik om te lees | | 1 | 1 | 12 |
| 4 | Was die informasie voldoende | | | 2 | 12 |
| 5 | Sal jy die inhoud van die leerder gids kan gebruik | | | 2 | 12 |
| 6 | Het die leermateriaal jou behoeftes gedek | | 1 | 3 | 10 |
| **No** | **Aanbieding Evaluasie** | **Nee** | **Somtyds** | **Meestal** | **Ja** |
| 1 | Was die fasiliteerder maklik om te verstaan | | | 1 | 13 |
| 2 | Was die fasiliteerder se aanbieding styl goed | | | | 14 |
| 3 | Was daar ruimte vir werks oefeninge en besprekings | | | 1 | 13 |
| 4 | Was tyd gegun vir terugvoering | | | 2 | 12 |
| 5 | Het die fasiliteerder by die bespreekte tyd gebly | | | 8 | 6 |
| 6 | Het die fasiliteerder leiding gegee rondom onsekerhede oor konsepte tydens die opleiding sessie | | | 3 | 11 |
| **No** | **Evaluering van die Werkboek Oefeninge** | **Nee** | **Somtyds** | **Meestal** | **Ja** |
| 1 | Was die vrae maklik en duidelik om te lees | | 1 | 2 | 11 |
| 2 | Was die vrae verstaanbaar | | 1 | 3 | 10 |
| 3 | Was daar genoeg tyd gegun om die oefeninge te voltooi | | | 3 | 11 |
| 4 | Was die vrae in die oefeninge relevant tot jou behoeftes | | 1 | 2 | 11 |
| 5 | Was jy voorberei om die oefeninge te voltooi | | 2 | 5 | 7 |
| 6 | Was die voltooiing van werkboek oefeninge gedurende die opleiding `n effektiewe metode van assessering | | | | 14 |

Die leerders was ook gevra om 1 paragraaf te skryf waarin hulle beskryf hoe hulle oor die algemeen voel oor die opleiding. Hierdie is sommige van die antwoorde wat ons gekry het:

Dit was goed om alles te kon doen. Met die toespraak wat ons moet lewer bou net ek meer vertroue in my. Die opleiding was baie goed aangebied ek kon alles verstaan. Ek wil graag nog by die volgende opleiding leer.

Ek voel om aan te gaan met die kursus om vaardigheid op te doen. Ek wil graag meer uitreik na ander mense. Ek wil meer ingelig wees oor ons rooibos prosedure. Baie dankie vir die goeie oefening hoe om kalm te wees.

Ek het vaardighede geleer wat ek nie van geweet het nie. Die manier hoe die werkswinkels gedoen was, het sommer vir jou moed gegee om die volgende ook aan te pak. Ek het meer selfvertroue opgedoen, en het sommer lus vir verder leer. Dankie vir die vertroue wat u uitbeeld. Die werkswinkel was lekker aangegee. Het my meer selfvertroue gegee.

Baie interessant, fasiliteerders is uitstekend toegerus met kennis wat dit natuurlik lekker gemaak het. Almal is betrek en die atmosfeer wat geskep is, is een wat deelname aanmoedig. Ek is baie positief want ek glo hierdie is vir my die begin van groot dinge. Hierdie geleenteid is vir elkeen 'n geleentheid, maar of jy sukses sal behaal hang van onsself af.

## Suksesse behaal in die eerste sessie

- Die leerder se gewilligheid om nuwe ondervindinge te probeer
- Daar was definitief goeie spangees met die leerders se interaksie en ondersteuning vir mekaar tydens die opleiding, veral toe dit by die toesprake en groeps oefeninge gekom het
- Die leerders het bewus geword van verskillende kommunikasie wyses en het belangstelling getoon om hul eie kommunikasie wyse te verbeter in hul gemeenskappe en ook in hul onderskeie lidmaatskap organisasies
- Leerders was baie opgewonde om deel van die program te wees en alle vorige twyfelagtigheid het definitief verdwyn
- Almal het gemotiveerd gelyk om die oefeninge in hul Leerder werkboeke te voltooi alhoewel daar min tyd oor was

Kopiereg 2010